

Gedigte / Poems

Chris Mann

Dancing in the Arms of the Shade	193
Sunday drive	195

S.A. (Nols) Swanepoel

Halala-halala, Kgosi Leruo Molotlegi! Re eme fa kae Aforika Borwa / Wees gegroet, Kgosi Leruo Molotlegi! Waar staan ons Suid-Afrika	196
---	-----

H. le R. Slabbert

Rain	200
Die Aandete	201

Kortverhaal

H. Prins

Grens	203
-------------	-----

Rubriek vir skeppende werk

Litera is 'n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee 'n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

'n Elektroniese kopie van elke bydrae moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad vermeld word. **Verstrek ook 'n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.** Elektroniese bydraes kan gestuur word aan Susan.Lourens@nwu.ac.za

Bydraes kan ook gepos word aan die Burohoof, *Literator*, Personeelbussie 251, Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, POTCHEFSTROOM 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board wants to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

An electronic version of each contribution should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted.** Electronic submissions can be send to Susan.Lourens@nwu.ac.za

Contributions can also be mailed to the Head of the Bureau, *Literator*, Staff Box 251, Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, POTCHEFSTROOM 2520.



Chris Mann

Dancing in the Arms of the Shades *a song-poem for the guitar*

1

When you're feeling lonesome
don't try to hide,
try to let the feeling
be your guide.

Follow where it leads you
when you're full of sighs,
turn from your computer,
close your eyes.

Deep space dark within you
that's what you'll see,
breathe a little slower
let the planet be.

Let yourself drift over
the great divide,
let yourself discover
the world inside.

2

Leave behind your body,
travel inner space,
wait until the shades emerge
face after face.

Can't you see your father
standing at the door,
you're back home in childhood
playing on the floor.

He looks so tired and worried
from the daily grind,
he still bends and hugs you
deep in your mind.

Can't you see your mother
sitting by your bed,
she still calms a nightmare
deep in your head

*Breathe a little slower,
let the planet be,
open up your heartlands
let the spirit free*

*And dance, dance, dance
till the vision fades,
dance through inner space
in the arms of the shades.*

3

Breathe inside a silence,
breathe into a calm,
see along a passage
one who did you harm.

Take him by the elbow
show him to the door,
tell him, *I forgive you,*
trouble me no more.

Look inside a classroom
back in senior school,
a teacher you admire
is hassling your cool.

There's chalk-dust on his fingers,
he's needling your pride,
he's still talking to you
in the school-house inside.

*Breathe a little slower,
let the planet be,
open up your heartlands,
let the spirit free,*

*And dance, dance, dance
till the vision fades,
dance through inner space
in the arms of the shades.*

4

Can't you see within you
a white-robed nun,
mothering an orphan
in a crowded slum.

Can't you see the prophets
flashing their eyes,
angered by the carbon
choking the skies.

Can't you feel within you
the love of a friend,
there to walk beside you
right to the end.

Let his love transform you,
tell him your pain,
let his love redeem you
deep in your brain.

*Breathe a little slower,
et the planet be,
open up your heartlands
let the spirit free,*

*And dance, dance, dance
till the vision fades,
dance through inner space
in the arms of the shades.*

Chris Mann

Sunday Drive

You were seated with me in the front-seat
talking with the youngsters in the back
about the junior school play, a history test
and where we'd stop to have our picnic
of egg-mayonnaise sandwiches, juice and tea.

We were driving east on the Kowie road,
just past the wattle trees beside the Stones Hill sign
where there's a momentary view of hills
and hilltop pineapple farms right down to the sea.

I took my eyes off the road ahead a moment
and glanced across at you as you sat there,
the coach, the conciliator, the catalyst,
the mother-artist twisting back over the handbrake
to stroke a blob of sun-cream down an arm.

I loved the way the black of your jacket
set off the white skin of your neck and throat.
You looked so animated, so happy,
your head with that floppy straw-hat of yours
framed in the front-seat window of the car
against a summery Giotto landscape
of poplars by a river, vegetables in a field
looking so green in that biome of cycads and thorns.

So what if that crazy hat, that day,
those fresh-faced young of ours are gone?
Love keeps opening you out from my diary,
keeps making me place such moments before you
like birthday presents, like offerings at evensong.

*Isn't this what my curled-in, porcupine-self,
I wrote, was snuffling about and yearning for
throughout those student émigré years abroad?*

Lonely and dispirited in a London bed-sit,
I'd take a tin-opener to a can of pilchards,
open a book by my plate and further my travels
deeper and deeper into being and nothingness,
my feelings then as torn, as ragged and circular
as the edge of the upturned lid of that tin.

S.A. (Nols) Swanepoel

Halala-halala, Kgosi Leruo Molotlegi!

Re eme fa kae Aforika Borwa

Khunou ya maralla-a-dithota, Dumela!
Khunou e e bopang mo dithoteng tsa lefatshe la Bafokeng
Lefatsheng leo gautshwane le Tlhabane. Ka re: Dumela !
E tla go tlasela ka dinaka e suntse sefatlhego, e khunou.
Lenaka le lengwe e le lebisitse sefatlhego
Le lengwe e le lebisitse mokhubu
Mme wena se tshoge, o tla bona.

E tshetlha ya mangana. Ke eo bagaetsho fa o sa reetse
E tla feta ka seatla sa gago le letsogo
E tla phamola serope sotlhe
Morago, ya go kuna-kuna marapo o ile.
O tshwanetse a nne bogale bagaetsho
Go re bopa re tle re nne seopo se le sengwe
Kana go ne go na le majelathoko le tlhaolele
Eseng kgakala, maloba mo gare ga rona
Le fa ke mo tshwaile jalo lona lotlhe
Itseng kwa Yunibesithing ya Bokone-Bophirima
Yo ke motho wa lerato
Wa sefatlhego se se bulegileng
Fa a tshega o tshega go re akaretsa rotlhe

Purapure e mo roketswe ka tlhale le lesela
O e apere mo setshwantshong
Ke mmone.
E ntle e a mo lekana
Ebile o rwele le sethibaletsatsi mo tlhogong
Fa a di apere o tlhagisa seriti sa bogosi
Di mebalabala le ka methalothalo
Di bontsha tshwaragano le bongwe, bagaetsho !
Ka dingwaga o santse o le ngwana, wena wa gaetsho.
Ka re go wena ka re:
O sa tswa mo go gogobeng
Jaanong, gola o tlhogole
Ke seaparo sa gago, se a go tshwanela.

Wena moremogolo wa rona
Kana Batswana ba re:

Moremogolo wa taola o a betliwa
wa motho o a ipetla
O itlhaotse ka go ipetla jang naa, wena !
Kwa Zulu wa ya, wa boa
wa tla o e rwele, dikeree ya Boagadikago
E phuthetswe ka sephuthelo sa yone.
Ka mo teng e tshwailwe tsebe
ka tlhakwana-phala le sekei
Ya re: Kgosi Leruo Molotlegi

Kana go aga le go bopa ke ga gago
Re setse re go lemogile
O tla o di tshwere ka diatla
Didirisiwa: terofole, ditena le samente
Re latlhele mo kiribeng o fete ka rona.

Re lemogile gape gore wena
O motho wa magodimodimo le lefaufau
O feta o go gagola ka medumo
le ka diphuka tse di tlhamaletseng
le ka diphuka tse di dikologang
Setswana se re:
Se bone nonyane go rakalala kwa godimo
go ya tlase ke ga yone.
Wena, o makgona-dilo-dintsi

Le fa o le Mokansaliri o le Kgosi
Hei wena, re a go rata.
Aga o agelele mo go rona.
Rona rotlhe mo gae re a itse:
Letlhaku le lentsha le agelelwa mo godimo ga a bogologolo
Mo sekgweng re a itse jaaka o itse gore go eme ditlhare tsa
mefutafuta.

Ke go bokile.
Ke nna Rralebelo Sepanapodi.

Wees gegroet, Kgosi Leruo Molotlegi! Waar staan ons Suid-Afrika

*Donkerrooie wat op die heuwels ronddwaal, goeiedag!
Donkerrooie wat op die heuwels by die Bafokeng brul,
in daardie landstreek naby Rustenburg, goeiedag!
Hy sal jou bestorm met sy horings omlaag, met sy voorkop geplooi,
die donkerrooie!*

*Die een horing sal hy rig op jou gesig.
Die ander een sal hy rig op jou naeltjie.
Maar moenie skrik nie. Jy sal sien.*

*Die vale met die maanhaar, daar is hy, mense. As jy nie luister nie,
sal hy verby kom met jou hand en arm.*

*Hy sal jou hele boud afruk.
Daarna gaan hy jou beendere afkou, as jy al reeds weg is.
Hy moet kwaai wees, mense van ons plek,
om ons op te bou sodat ons in een hand saamgevat kan wees.
Want daar was eenkanteters en afskeiers,
Nie ver weg nie, hier tussen ons.
Al wys ek hom so uit, julle almal,
weet dit, daar by NWU!
Hierdie is 'n mens van liefde
met 'n gesig wat oop is.
As hy lag, lag hy om ons almal in te sluit.*

*Daar is vir hom 'n toga gemaak met naald en gare.
Hy het dit aan op die foto.
Ek het hom gesien.
Dis 'n mooie, dit pas hom.
Ook dra hy 'n sonafweerder op sy hoof.
As hy alles aan het, vertoon hy die gestalte van 'n koning.
Dit is veelkleurig en gestreep.
Dit wys samehorigheid en eenheid, mense!
Ek vertel vir jou as ek sê:
Hy het nog sopas gekruip.
Nou, word groot en groei uit.
Dit is jou kleding. Dit pas jou.*

*Jy, ons vername persoon!
Die Batswana sê mos:
Die vernaamste dolos word uitgekerf
maar 'n persoon bevestig homself.
Haai jy! Hy het homself mooi uitgekerf vir ons.*

*Hy het KwaZulu toe gegaan en toe teruggekom.
Hy het as draer van sy graad in argitektuur teruggekom.
Dit was opgerol in sy houer,
binne was dit soos 'n bees aan sy oor gemerk.
Met 'n rooibokspoor en 'n jukskeiteken.
Dit het gesê: Kgosi Leruo Molotlegi,
om te bou en op te rig is eie aan jou.
Ons het jou so opgesom.
Jy kom nader en het dit in jou hande,
die bougereedskap: Troffel, steen en sement.
Gooi ons in 'n kruiwa en werk ons deur!*

*Ons het ook opgemerk dat jy
'n mens van daarbo, van die hemelruim is.
Jy kom verby en skeur die lug oop met 'n gedreun.
Ook met reguit vlerke.
Ook met vlerke wat rondmaal.
In Setswana word gesê:
Moenie 'n voël so in die lug sien hang nie,
om te gaan sit is ook eie aan hom.
Jy is die een wat alles kan doen.*

*Al is jy Kanselier en Koning,
ja jy! Ons hou van jou.
Kom bou en woon in by ons.
Ons almal hier by die huis weet:
'n Nuwe tak word bo-op die ou takke geplaas in die heining.
Ons weet soos jy weet, in die bos staan daar baie soorte bome.*

*Ek het jou geprys.
Dit is ek Rralebelo Sepanapodi.*

h. le r. slabbert

Rain

And had rained
down manna Ps. 78:24

I was never quite sure
when mother died

It was a period of drought
that's so frequent
in this country.

During the funeral it rained,
for three days, constantly
– rivers rising, breaking banks
and sweeping away topsoil.

I remember the sudden sound
on the corrugated iron roof
of the church; turning to hail
almost immediately; from a gun:
stones bursting as big as bullets.

The scattered down
the stained-glass windows
with a brutal clatter.

I remember
rain splashing mud; my stockings
becoming red in the church garden.
I remember the broken red roses.

The ominous rumble
of thunder drowning the voices
of people as they whispered,
leaning towards me,
offering their condolences.

The black women
who stood at the back;
the glistening black cars ...

the rain again,
accompanied by forked lightning.

Odd, isn't it, how literature
can make one weep?

But I never shed a tear,
at Mother's funeral.

(Met apologie oor setfoute in *Literator* 30(3) 2009:216 publiseer ons
weer die volgende bydrae:)

Die Aandete

ná Nijhoff se “Het Souper” in Vormen (1924)

Aan tafel word dit stil. Wyn en brood
in ons hande het dood geraak
Die kersvlam hang lang-wapperend en naak,
en die raam spring ope deur 'n donker stoot.

Soos water wat woel, snags, ondergrond
onder die huis, voel ons ons aangegryp;
die vlerke van die tyd, roofvoëltyd,
sleep ons met vaart na die dood.

Bý mekaar kan ons nie van die vrees wegskuil:
die mens sien sy swarte eensaamheid
dieper weerkaats in die oog van 'n ander –

Maar as die winde huil, oor dak se nok huil,
vergeet ons, vergeet ons die tydelikheid,
begin lág weer glasies te klink, ál harder ...

Grens

Dis so warm dat hy amper nie kan asem kry nie. En tog is hierdie 'n sagte landskap. In Ovamboland het hy nog nie 'n enkele klip gesien nie. Tussen die groot plat ooptes vol sagte, wit sand is daar af en toe *shonas* water omring deur makalanipalms wat poskaartmooi is.

Die Ratel is sy ambulans. Daar is ook egte ambulanse, maar dié word nie deur Swapo ontsien nie. Nou het geen ambulans meer kentekens op nie. Dat hy 'n dokter en dus 'n offisier is, maak nie sy irritasie met dié oorlog minder nie. Dit het hom ook nie gevrywaar van ses weke se haatlike *basies* nie. Ses lange weke waarin daar oor en oor aan hom gesê is, op hom geskree is, watter voet om volgende voor te sit. "Links, regs, links, regs, links regs ...". Dit was om van mal te word.

Nou wil hy weer dikwels gek word van verveling. Selfs al kan hy in die basis bly, verkies hy om saam te ry. Verveling en verlange word, ironies genoeg, jou ergste vyande hier. Gevaar word later 'n welkome afleiding. Hy het al iemand so te sê hoor bid dat Swapo moed skep en aanval.

Daar is baie soorte hier. Soos maar op ander plekke ook, maar hier is dit anders, erger, met meestal net 'n klomp manne bymekaar. Hy weet van die begin af dat hy waarskynlik nie taai genoeg vir hierdie opset is nie. 'n Goeie chirurg sal hy seker nooit kan word nie, daarvoor moet jy glo juis nie te fyngesoortig wees nie. Die wat hy tog jammer kry, is die enkelinge, soos die *medic* hier by hom, van wie hy raai dat hy gay is. Gelukkig kry die outjie dit reg om dit goed weg te steek.

Hy weet hy is ook anders. Daar is hier en daar ander wat 'n bietjie anders is, maar hulle maak ook nie maklik onderling vriende nie. Hy het dit al selfs by enkele hoë offisiere opgemerk. Dit is nie vir mans maklik om daarvoor te praat nie. Veral nie op hierdie stadium van hulle lewe nie. Hy vermoed dat as 'n mens ouer word, jy makliker en openliker van ander kan verskil. Nou is dit nog te moeilik om uitge-

stoot te word, daarom konformeer jy nog maklik. Party is net fyner, verfynder dalk, al het hulle ook meisies en vrouens waarna hulle intens verlang. Buitendien berus militêre dissipline op konformering en dit is moeilik en ongewens om té aweregs te wil wees.

Die meeste van die dienspligtiges mor en kla soms. Vloek op die *fokken army* met hulle idiotiese teenstrydighede soos *hurry up and wait* en erger. Hyself ervaar teenstrydige emosies. Soms 'n weersin in diegene wat die Swapo's so patologies haat, 'n haat wat skokkende rassistiese ondertone het. Boonop verwag hulle blykbaar dat almal so moet voel. Net daarna rys sy nekhare weer omdat sommige Engelssprekendes so negatief is.

Tog is daar ook baie Engelssprekende offisiere en manskappe wat jou bewondering afdwing. Hulle is dapper en net so patrioties as wat enige Afrikaner ooit kan wees.

Hy praat nooit met iemand anders oor hierdie gevoelens nie. Sê niks as hy van iemand verskil nie. Agterna verwyf hy homself weer omdat hy doodeenvoudig te bang is vir 'n openlike botsing.

As dokter is hy nie veronderstel om te veg nie. Die Geneefse Konvensie en so aan, ja, maar hy dink nie een van die twee kante steur hulle juis veel daaraan nie. Omdat hy 'n offisier is, is hy veronderstel om 'n pistool te dra. Hy sluit syne al lankal in sy trommel op die basis toe. Hy dra darem die R1 met die twee verpligte magasynne.

“Om jouself te beskerm as jy aangeval word,” is daar met 'n veel-seggende glimlaggie gesê.

Die generaal het eenkeer gesê: “Jy moet veglustig en veglistig wees.” Hy kan seker listig wees as dit moet, maar so 'n lus vir oorlog maak, het hy nou eenmaal nie.

Hy is altyd bewus van die ingewikkeldheid van dinge. Alles het twee kante. Swapo het ook 'n saak, die gewetensbeswaardes ook, maar dit is minder vermoeiend om net jou kant raak te sien.

Hier is ook mense wat die oorlog geniet. Hulle is versot op avontuur, of dalk kan hulle nie genoeg kry van doodmaak nie. Daar is die klomp van drie twee-bataljon. Portugese en ander, saam met Suid-Afrikaanse offisiere, wat teen Swapo en die regering in Luanda veg. Jy moet hulle bewonder al lyk hulle nie eers lus om jou te groet as jy nie vlerkies het nie.

En dan is daar die *recces*! Hel, dis 'n klomp wat jy eenvoudig moet bewonder. Hy moes eenkeer 'n *recce* afboek omdat hy siek is, toe is dié amper in trane omdat hy in die kamp moet bly.

Om vinniger te kan vorder, vee hulle vandag nie voor nie. 'n Troep sit voor op die Buffel en *spook* net die pad vir tekens van versteuring.

Nou beduie die troep opgewonde na iets voor in die pad. Rapporteer dat daar iemand voor in die pad lê. Dit lyk asof dit 'n gewonde kan wees.

Hy kyk na die *medic*. Sy gesig is bleek, die oë groot. Die majoor klim eerste uit. Beveel die soldate om dekking te verskaf. Kom na hom toe waar hy in die Ratel sit, beveel, nie onvriendelik nie: "Luitenant, kyk of jy kan help."

Hy moet help. Dit is die reël. Maar hy wil ook. Hy het van altyd af 'n drang om te help waar daar pyn is. Troeteldiere, wilde diere, voël-tjies. Sy ma met die kanker.

"Wees versigtig, luitenant," sê die ouer man, sagter.

Hy gaan versigtig nader. Hy is nie eintlik bang vir die Swapo's nie. Die omgewing is te oop. Hlle sal van te ver af moet skiet. Die meeste van hulle is vrot skuts. Hy voel ligter binnekant. Hy maak nie oorlog nie, hy help. Hy is seker dis nie Suid-Afrikaners wat hier opereer het nie. Waar Suid-Afrikaners opereer, is daar selde gewondes wat agterbly.

Dis so stil hy kan sy eie asemhaling hoor. Hy is onseker, gespanne. Van 'n afstand af sien hy die donker vlek langs die gewonde. Die klere is vodderig, maar die stewels verklap sy betrokkenheid.

Die man lê op sy linkersy. Dit wat van sy regterarm oor is, hang in bloederige repies teen sy rug af. Uit die stompie drup daar steeds bloed.

As hy versigtig nader kom, hoor hy die gewonde rukkerig praat:

"Asseblief ... help my ... help my!"

Soos altyd krap dit aan hom dat so baie Swapo's Afrikaans praat. Hy buk langs die gewonde. Dis 'n lang, groot man. Hy vat hom versigtig, hoog aan die arm om hom om te draai.

Die man draai sy gesig na hom toe. Dit lyk asof hy iets wil sê.

Eers dink hy hy hoor nie reg nie, maar dan sien én hoor hy hoe die mond die woorde vorm: “Fókken hónd ...!”

Wat hy nie sien nie, is hoe die duim van die linkerhand die slag-pennetjie van die handgranaat reeds laat uitspring het.